# NAGMAAL DEUR DIE EEUE - 'N OORSIG VAN HOOFBESKOUINGE EN GEBRUIKE

N.P. Heystek
J.J. van der Walt
Departement Diakoniologie
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*HOLY COMMUNION THROUGHOUT THE AGES - A REVIEW OF THE MAIN VIEWS AND CUSTOMS*

*When examining the various views on and customs of the Holy Communion from 115 B.C. up to now, two main identifiable trends, namely the symbolic and the realistic tradition will soon be discovered. All views of and customs on Holy Communion can be reduced to one of the above two trends. Of the two traditions, the symbolic tradition is the older. However, in both traditions a variation of nuances can be traced. It has been found that the line of development of the symbolic tradition, which was elaborated via Augustinus, Luther, Calvin and the Reformed Confessions, is based on the Bible. The realistic tradition can also be traced back to a very early date and mainly found acceptance in the Roman Catholic Church. It has however been found that this tradition is not based on the Bible.*

## 1. RIGTINGPEILERS EN INHOUDSAANWYSING

Die doel en gerigtheid van hierdie oorsig, asook die afbakening ten opsigte van die inhoud en wyse van stofhantering, verdien vooraf aandag.

### 1.1 Doel en gerigtheid: Nagmaalsbeskouing word bepaal deur leer en gebruik

Die doel is nie om 'n volledige oorsig oor die ontwikkelingsgang van die nagmaalsleer en -gebruike deur die eeue te probeer bied nie, aangesien sodanige volledige oorsigte reeds bestaan (vgl. De Groot, 1956:404-414; Kretschmar, 1977:43-317; Schulze, 1987:147-180; e.a.). 'n Behoefte bestaan egter aan 'n beknopte oorsig wat sowel die vernaamste momente van die ontwikkelingsgang van die nagmaalsleer as die belangrikste gebruikswyses en vraagstukke weergee.

Nagmaals*gebruike* word by die prinsipiële beskouinge tot tema geneem aangesien hierdie publikasie 'n pastorale gerigtheid het. Die pastorale funksie van die Nagmaals-

bediening lê immers nie slegs in die inhoud (verkondiging, dogma) daarvan nie, maar ook in die gebruik (viering) daarvan.

### 1.2 Afbakening en metode: Gereformeerde lyn in dogma en gebruike

Slegs die mees algemeen aanvaarde beskouinge en gebruike word vermeld. Verder word gekonsentreer op die tipies Gereformeerde standpunte en gebruike.

Die metode wat gevolg word, is om deurgaans die noodwendige samehang van dogma en gebruik bloot te lê.

## 2. ALGEMENE AARD VAN DIE ONTWIKKELING: GEEN REGLYNIGE UITBOUING NIE

Enigeen wat die onwikkelingslyn en gebruike oor die Nagmaal deur die eeue nagaan, ontdek gou dat daar hoofsaaklik twee basiese beskouings geïdentifiseer kan word.

Eerstens is dit duidelik dat die kerk deur die eeue heen tot vandag toe groot erns gemaak het met die opdrag van Christus: "Gebruik dit (Nagmaal) tot My gedagtenis" (1 Kor 11:24, 1983-vertaling). Slegs hier en daar word afwykings van dié gebruik gevind (vgl. De Groot, 1956:405; Graafland, 1980:333-335).

Tweedens kan wat die leer en die gebruik van die Nagmaal betref, nie 'n progressief-Skriftuurlike vorderingstendens gekonstateer word nie. Veeleer word 'n kronkelgang van draaie en afwykings, nuwe uitlopers en selfs teenoormekaarstaande spitse ten toon gestel (De Groot, 1956:404; Schulze, 1978:151). Selfs toe die reformatore teruggegryp het na die leer van Christus, die apostels en die vroeë kerk, was daar by hulle geen eenstemmigheid nie. Tans nog is denominasies en teoloë grootliks verdeeld oor Nagmaalsbeskouinge en -praktyke (vgl. Kretschmar, 1977:43-268; Graafland, 1980:335-345).

Benewens bogenoemde negatiewe konstaterings móét egter ook melding gemaak word van positiewe, koersaanwysende sieninge - soos uit die res van die bespreking sal blyk.

## 3. DIE NAGMAALSLEER EN -GEBRUIKE DEUR DIE EEUE

### 3.1 Historiese vertrekpunt: ná die apostels

Die logiese vertrekpunt vir 'n historiese oorsig sou wees om by die instelling van die Nagmaal te begin (Matt 26:26 e.v.; Mark 14:22-26; Luk 22:15-20; 1 Kor 11:23-25). Deur eksegetiese grondwerk en die lê van openbaringshistoriese verbindinge kan die inhoud, doel en gebruikswyses van die Nagmaal Bybels bepaal word. Voorgenoemde aspekte ontvang egter reeds voldoende aandag in ander artikels in hierdie bundel (vgl. die inhoudsopgawe). In die lig hiervan word begin by die vroeë kerk, so vroeg moontlik na die Bybelse skrywers, dit wil sê ongeveer 115 n.C.

Die periode 115-190 n.C. word hoofsaaklik gedek deur die geskrifte van die apostoliese vaders. 'n Oorsig van die apostoliese geskrifte toon dat in hierdie periode nie veel besin is oor die Nagmaals*leer* as sodanig nie. Die klem het geval op die pastorale betekenis en funksionaliteit van die Nagmaal. Klem is eerder gelê op die vrugte wat Nagmaalsviering voortbring, soos bemoediging, versterking, heiliging en gemeenskapsbevordering met Christus en mekaar. Sou hieruit afgelei kon word dat tydens die hoogkonjunktuur van die kerklike lewe die aksent nie geplaas is op die leerstellige nie, maar op die pastorale inhoud en funksionaliteit van die Nagmaal?

### 3.2 Die realistiese en simboliese tradisie as hoofstrome

Gedurende die eerste vier eeue is daar nie 'n bepaalde kerklike dogma oor die Nagmaal of die gebruik daarvan aangeneem nie. Die verskillende sieninge kan teruggevoer word na tradisies en praktyke wat in die vroeë Kerk in omloop was (vgl. Van Genderen, 1980:67). Tog kan sonder vrees vir teëspraak gestel word dat die oorheersende beskouing gedurende die eerste eeue was dat die sigbare tekens van brood en wyn 'n onsigbare, maar werklike en eksistensiële genade afbeeld (vgl. Hermans, 1984:14-25). Voorgenoemde beskrywing kan as die kern van die simboliese Nagmaalsbeskouing en -gebruik gesien word.

Eers in die agste eeu het Johannes Damascenus die groeiende realistiese opvattinge aangaande die Nagmaal tot sy uiterste konsekwensies deurgetrek toe hy tot die volgende Nagmaalsbeskouing en -gebruik gekom het: die brood en wyn beeld nie meer Christus en sy weldade af nie, maar dit word verander na die liggaam van Jesus wat uit die maagd Maria gebore is en wat wesenlik met die Godheid verenig bly. As sodanig word Jesus se liggaam tydens die priester se herhaling van die instellingswoorde van die Nagmaal opnuut geoffer en deur die gelowiges geëet. Na hierdie beskouing is spoedig verwys as die transsubstansiasieleer (vgl. De Groot,1956:405-406). Daar was

egter voorlopers van die realistiese beskouing in die derde eeu na Christus (vgl. Schulze, 1978:156).

Beide die simboliese en realistiese Nagmaalsbeskouinge het wye aandag geniet.

### 3.3 Kernbeskouinge en gebruike van die realistiese tradisie

Die kernbeskouing van die realistiese Nagmaalsbeskouing kan soos volg weergegee word: die tekens (brood en wyn) word met die betekende saak (Christus se soenoffer *pro nobis*) geïdentifiseer, deurdat aanvaar word dat 'n wesenlike verandering in die brood en wyn as substansies plaasvind. Die brood en wyn word Jesus Christus se fisieke liggaam waarin sy mensheid en Godheid teenwoordig is. Hierdie getranssubstansieerde Christus word dan telkens opnuut tydens die Nagmaalsviering aanbid, vereer en geëet. Langs hierdie weg, so word geoordeel, vind daar dan op 'n konkrete wyse vereniging met Christus plaas.

Reeds Ambrosius (biskop van Milaan, 397 n.C.) het die transsubstansiëring van die brood en die wyn soos volg beskryf: "Through the mystery of the sacred prayer they are transformed into flesh and blood" (weergegee deur Schulze, 1978:158-159). Die gebed of seëning oor die elemente bring deur 'n Goddelike wonder die verandering (*transfiguratur*) teweeg (vgl. 2 Kon 6:5-7 waarna soms as Skrifgrond verwys word). Uit die *Church Order of Hippolytus* blyk verder dat reeds vroeg aan die brood magiese kragte toegedig is: "When eaten acts as a ban against demons" (aangehaal deur Lietzmann, 1977:160-161).

Ondanks vernuwende denke in die geledere van die Roomse kerk, staan die feit steeds dat die vierde Lateraanse Konsilie die transsubstansiasieleer tot kerkdogma verhef het, dat die Konsilie van Trente (1543-1563) dit bevestig het en dat dit tot vandag toe die amptelike standpunt van die Roomse kerk weergee (De Groot, 1956:407; Devan, 1966:599-609; Lamprecht, 1982:46-47). 'n Teoloog soos Hermans (1979:57-61) aanvaar ook nog steeds dat God Homself telkens weer offer deur die dienswerk van die gewyde priester, in wie God Hom teenwoordig stel.

Volgens die vertolking van die Roomse kerk bring die viering (gebruik) van Nagmaal die volgende vrugte voort: dit voed die geestelike lewe, bewaar die gebruiker teen die pleeg van doodsondes, skeld tydelike strawwe van God kwyt, figureer as simbool van eenheid en is 'n pand vir ewige heerlikheid. Daar word verder aanvaar dat nie elkeen wat Nagmaal gebruik, outomaties die heil ontvang nie. Om die genadewerkinge te kan ontvang, is 'n regte geestelike ingesteldheid en medewerking noodsaaklik. Aan die ander kant, wie 'n ware begeerte na die Nagmaal het, ontvang die genadewerkinge

daarvan, selfs al word nie aan die Nagmaalsviering deelgeneem nie. Om hierdie rede word slegs een Nagmaalsgebruik (tydens die Paasfees) noodsaaklik geag, alhoewel meer Nagmaalsvieringe aanbeveel word (vgl. De Groot, 1956:407). Aangesien Christus volledig in beide die elemente van brood en wyn teenwoordig is, hoef slegs een van die elemente gebruik te word.

Hand aan hand met die Nagmaalsviering, maar tog onderskeie daarvan, vind die misoffer plaas. Die misoffer wat op die altaar gebring word as 'n onbloedige herhaling van die kruisoffer van Christus, dien tot kwytskelding van sondes, boetes en strawwe. Hoe hoër die frekwensie van die misoffer, hoe meervoudiger is die heil wat die gelowiges daaruit ontvang.

Die konsilie van Trente het op grond van 'n gevestigde apostoliese tradisie besluit dat alleen priesters die Nagmaal mag bedien. Alle gelowiges word tot die Nagmaal toegelaat mits hulle gedoop is en belydenis van hulle sondes gedoen het (Devan,1966:607-608).

Beoordeling van die realistiese beskouing

Die realistiese Nagmaalsbeskouing en -gebruike sluit wel deeglik aan by die spraakgebruik in die Nuwe Testament, die Apostoliese Vaders en vroeë Kerkvaders, maar toon geen begrip vir die *bedoeling* van dié spraakgebruike nie (vgl. Matt 5:13; 1 Kor 10:4). Dit is 'n flagrante oortreding van die eerste twee gebooie om die brood en wyn met Jesus Christus te identifiseer en in aanbidding daarvoor neer te kniel; en verder om by wyse van die misoffer-ritueel Jesus so dikwels moontlik opnuut te offer tot (meervoudige) heil van die gelowiges. Inderdaad kan gespreek word van eiewillige afgodery (Heidelbergse Kategismus, antwoord 80). Voorgenoemde leer is ook in stryd met die eenmalige voldoende lyde van Christus (soos weergegee in Heb 9:24-28; 10:10, 12, 14, 18).

Aangesien hierdie leer en gebruik totaal teenbybels en inderdaad geheel sondig is, kan niks daarvan positief waardeer word nie.

## 3.4 Kernbeskouinge en -gebruike ten opsigte van die simboliese tradisie

Die Kerkvader Augustinus kan beskou word as een van die vernaamste en volledigste denkers van bogenoemde tradisie. Sy Nagmaalsleer word soos volg saamgevat:

* Die instellingswoorde van die Nagmaal is die *Woord*, terwyl die brood en wyn die elemente van die Nagmaalsviering is.

* Die elemente is tekens (*signa* of *figura*) van die betekende saak: om die liggaam en bloed van Christus te ontvang.
* Hy onderskei tussen *teken* en *effek*. "The sacrament is one thing, the divine virtue of the sacrament is another." (Traktaat ten opsigte van Joh 26:11, aangehaal deur Lohse, 1974:139.)
* Die vrug van die Nagmaalsviering is tweërlei: dit bewaar die sakramentgebruiker om in Christus te bly en dit behou die band met die kerk. (Wie Nagmaal gebruik, word sowel een met die vleeslike liggaam van Christus as met die kerk wat die mistieke liggaam van Christus is.)
* Die offergedagte is inderdaad nie vreemd aan die Nagmaal nie. Daar vind egter nie 'n herhaling van die kruisoffer plaas nie. Nagmaal is eerstens 'n gedagtenisoffer aan Christus wat die kerk bring, en tweedens 'n verklaarde bereidheid tot selfoffering (vgl. Schulze, 1978:164).

Die simboliese tradisie is veral tydens die Reformasie en daarna verder uitgebou. Daar word algemeen aanvaar dat drie persone hierin sleutelrolle vervul het en dat die latere nadenke aangaande die Nagmaal hoofsaaklik op hulle Nagmaalsieninge en -gebruike teruggaan, naamlik Luther, Zwingli en Calvyn.

### 3.4.1 Beskouinge en gebruike by Luther

Daar word algemeen aanvaar dat Luther drie stadia deurgegaan het in sy nadenke oor die Nagmaal (vgl. Barclay, 1927:6 e.v.). Vir die doel van hierdie artikel is dit slegs belangrik om die tendens van Luther se denke aan te dui. Hierdie tendens beweeg van 'n aanvanklik meer simboliese na dié van 'n meer realistiese siening. Dit eindig met die "werkelijke tegenwoordigheid van Christus lichaam en bloed in het avondmaal" (Exalto, 1980:1336).

Luther se Nagmaalsbeskouing en -gebruik word soos volg weergegee:

* Nagmaal is gesien as die hart van die godsdiens en die erediens aangesien die lewe en saligheid deur Christus dáár ontvang word en van daaraf die wêreld ingedra word tot diens van die naaste. Daarom het Luther in baie preke en geskrifte oor die Nagmaal gehandel (Exalto, 1980:133-6). Die neerslag van sy siening word gevind in sy Groot Kategismus en die Augsburgse Konfessie, artikel XIV.
* Die wese van die Nagmaal is dat die ware liggaam en bloed van Christus in en deur die brood en wyn, aan die Christene te ete en te drinke gegee word. Luther haal die beroemde uitdrukking van Augustinus aan: "Accedit verbum ad elementum et fit sacramentum." (As die Woord by die uiterlike teken gevoeg word, word dit 'n sakrament.) In sy Groot Kategismus stel hy dit so: "Es ist der wahre

Leib und Blut des Herrn Christi, *in* und *unter* dem Brot und Wein ...". Hierdie formulering van Luther word dikwels vertolk as 'n konsubstansiasieleer, waarmee bedoel word dat Christus Homself aan die Nagmaalsgebruikers gee onder die tekens van brood en wyn in soverre dit deur die Woord gesakramentaliseer word (Exalto, 1980:134; De Groot, 1956:408). Hierdie siening is moontlik vanweë Luther se ubikwiteitsleer wat Christus se alomteenwoordigheid handhaaf (Munter, 1954:119). Hy gebruik immers graag die beeld van vuur en yster wat deur hitte een word, maar tog elk sy eie substansie behou (Munter, 1954:77-78). So word Christus teenwoordig (*presentia realis*) gestel deur die brood en wyn wanneer die instellingswoorde gespreek word. Daarna, wanneer die brood en wyn geëet en gedrink word, skenk Christus Hom aan die gelowiges. So is die Nagmaal nie slegs *teken* en *pand* nie, maar die saak (Christus) self (Exalto,1980:135)

- Die Nagmaal is 'n openbare verkondiging van God se liefde. Christus is immers: "der Koch, Kelner, Speise und Trank selber" (Munter,1954:20). Hierdie uitdrukking toon aan dat álles uit genade ontvang word. Christus is self die offer en die bedienaar daarvan. (So breek hy radikaal met Rome wat aan die priester 'n onmisbare plek toeken.) Die instellingswoorde van die Nagmaal rus op bogenoemde stelling en word deur hom gesien as *verba testamenti*. Die inhoud van die testament behels vergifnis van sondes vir hulle wat glo. Die ongelowiges mag en behoort egter ook Nagmaal te gebruik omdat die geloof nie alleen deur die gebruik van die Nagmaal versterk word nie, maar ook gewek word.
- Soos koring- en druiwekorrels, wanneer hulle gemaal of gepars word, vermeng en weer met mekaar verenig word, so bind die Nagmaal gelowiges saam tot kerkwees. Dit is die ware gelowiges wat gereeld Nagmaal vier en die sakrament dan as *official badges* (*Bundeszeichen*) ontvang, waardeur die kerk se lede geken word (Barclay,1927:11). Die Augsburgse Konfessie stel dit soos volg: "Concerning the use of the Sacraments, they teach that they are ordained, not only to be marks of profession among men, but rather that they should be signs and testimonies of the will of God ..." (artikel XIV).
- Alleen dié wat *glo*, ontvang 'n seën (Barclay,1927:25). Daarom is dit baie belangrik dat die gelowiges hulle opreg vir die Nagmaal voorberei. Hieronder word verstaan dat gelowiges hul honger en dòrs na God se geregtigheid ontdek, hul sondes ken en bely.
- Luther verwerp 'n dwang-Nagmaal, ondanks die bevel van Christus tot voortdurende Nagmaalsvierings. Christene moet vrywillig, uit behoefte kom; die predikers moet hulle met die Woord trek deur die beloftes van God as *prikkels* tot Nagmaalsviering te gebruik. Egte Christene sal hulle self tot Nagmaalsviering gedwing voel.

**Beoordeling van Luther se Nagmaalsleer en -gebruik**

Luther het die volgende betekenisvolle bydraes gemaak:

* Aan die Nagmaal is 'n sentrale plek in die denke en godsdienstige praktyk van die Christen gegee.
* Nagmaal roep die gelowige op tot gemeenskap aan Christus se soenoffer en toegesegde heil, en verwag van die gebruiker nie alleen geloof en aanvaarding nie, maar ook 'n wederoffer van toewyding aan God en naaste.
* Die Nagmaal bevestig en verseker die Woordbeloftes en bring die ware kerk tot openbaring. Sy teruggryp op Augustinus se uitspraak is belangrik, naamlik dat die tekens van brood en wyn alleen in gehoorsame aanvaarding van die Woord sakrament word.

Kritiek kan gelewer te word ten opsigte van die volgende aspekte:

* Luther openbaar 'n ambivalensie in sy denke ten opsigte van die doelstelling van die Nagmaal. Enersyds stel hy dat die Nagmaalsviering ten doel het om die ware gelowiges aan te dui, diegene wat die *Bundeszeichen* dra. Andersyds stel hy dat die geloof tydens die Nagmaalsviering *gewek* word sodat ongelowiges ook toegelaat behoort te word. Hierin is Luther se denke teenstrydig. Moontlik kon hy hom nie heeltemal aan die *ex opera operatum* siening van die Roomse kerk ontworstel nie - vandaar sy siening dat ontwaking van geloof tydens Nagmaalsgebruik kan plaasvind.
* Verder moet opgemerk word dat Luther in sy ubikwiteitsleer blykbaar ook nog reste van die realistiese beskouing oorgehou het. Immers, hy verdedig net so sterk soos die realistiese siening die letterlike vertolking van die woorde van Christus: "Dit is my liggaam ... en my bloed" (Luk 22:19, 20, en ander.) Hierin is hy onskriftuurlik. Die Skrif leer immers nie 'n liggaamlike alomteenwoordigheid van Christus nie.

### 3.4.2 Beskouinge en gebruike by Zwingli

Zwingli het onder meer die humanis en rasionalis Erasmus as leermeester gehad. Soos by baie ander humaniste en rasionaliste van die Renaissance het Zwingli in navolging van Erasmus 'n teenstelling tussen stof en gees gesien. Voorgenoemde aprioristiese uitgangspunt het sy Nagmaalsbeskouing en -gebruike bepalend beïnvloed (vgl. Balke, 1980:152). So verklaar Zwingli dat die uitdrukking "Dit is my liggaam", beteken "Dit betekent mijn lichaam" (Balke,1980:152). Elke reële verband tussen teken en betekende saak verval by hom.

Die Nagmaalsbeskouinge en -gebruike van Zwingli kan soos volg weergegee word:

* Nagmaal is nie 'n genademiddel waardeur God die gelowige versterk en tegemoet tree nie, maar is bloot 'n geleentheid vir die gelowige om getuienis te lewer.
* Sy Christologie waarvolgens Christus se verheerlikte liggaam in die hemel aan die regterhand van God ís en bly, verdra nie die teenwoordigheid van Christus se vlees en bloed in tekens op aarde nie. (Hierin opponeer hy Luther op goeie Bybelse gronde.)
* Alle objektiewe Goddelike heilstoeseegginge en weldade deur middel van die Nagmaal, word ontken. Die Nagmaal het nie die bedoeling om enigiets tot stand te bring nie. Dit is bloot 'n gedagtenismaal (vgl. Zwingli in sy *Fidei Ratio*, 1530, aangehaal deur Balke, 1980:169).
* Die elemente van brood en wyn dien nie om gemeenskap met Christus - op welke wyse ook al - tot stand te bring nie, maar is bloot simbole van dit waarop die geloof gevestig word. Nagmaal is 'n *manducation spiritualis* (geestelike ete) - niks meer nie. In dié opsig verskil die gebruik van die Nagmaal nie van die sing van 'n psalm of die doen van 'n gebed nie (De Groot, 1956:408-9; Balke, 1980:149-177).
* Die konkrete Nagmaalsgebruike dien om die eenheid van kerk as liggaam van Christus te illustreer. (Hierdie sterk ekklesiologiese gerigtheid kan beskou word as 'n tweede hoofmotief vir Nagmaalsviering naas die aspek van gedagtenis en getuienis.)
* Alleen ware gelowiges wat soos Christus leef (1 Joh 2:6), het toegang tot die kerk en Nagmaal.
* Aangaande die wyse van Nagmaalsgebruik het hy die gelowiges op hulle plekke laat bly sit, terwyl die diakens die brood en wyn bedien het (Brienen, 1987:218).

**Beoordeling van Zwingli se Nagmaalsleer en -praktyk**

Sonder twyfel blyk dat Zwingli stelling ingeneem het teen die realistiese beskouinge en ubikwiteitsleer van Luther.

Zwingli is blykbaar in sy reaksie teen bogenoemde beskouinge gelei deur sy aprioristiese vooronderstellings en nie slegs deur die getuienis van die Skrif nie. Die gevolg is dat die Nagmaal vir die gelowige, pastoraal gesien, geen funksionaliteit het nie. Dit het vervlak tot 'n blote *in memoriam*-diens en 'n verklaring van (reeds bestaande) geloof. Die uiterste konsekwensie hiervan word gesien in kerke waar die Nagmaal betekenisloos geraak het (vgl. Graafland, 1980:333-335). So toon ook Vaillancourt (1979:i) aan dat die volgende vrae teenswoordig gevra word: "Why the sacraments? Why does the church need these symbolic actions to express its faith and its relationship to God? What *power* does it contain?" In die meeste gemeentes van die Hervormde Kerk (Nederland) word Nagmaal alleen op Goeie Vrydag gevier (Vrijlandt,-

1987:115).

Moontlik was Calvyn reg in sy oordeel dat Zwingli van die Nagmaal net "naakte en lege figuren" oorgehou het (vgl. Balke, 1980:168-177).

### 3.4.3 Beskouinge en gebruike by Calvyn

In 1541, ruim tien jaar na die gesprek by Marburg, gereël deur landgraaf Philips van Hessen, het Calvyn na deeglike oorweging en nadenke oor die Nagmaal 'n traktaat die lig laat sien wat beskou kan word as 'n kernagtige weergawe van sy Nagmaalsbeskouinge en -gebruike (vgl. Itterzon, 1957:79). Verder laat hy hom in boek IV van sy Institusie en *De Consensus Tigurinus* 1549 breedvoerig oor die Nagmaal uit, terwyl die neerslag van sy denke in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 28-30 en die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 35 gevind word.

Sy beskouinge kan soos volg weergegee word:

* God het ons in Christus deur sy Gees tot 'n nuwe geestelike lewe gebring. Hierdie geestelike lewe onderhou Hy deur sy Woord en Gees.
* Om ons swakheid te hulp te kom, ons van sy volgehoue onderhouding te verseker en ons van twyfel te bevry, bedien Hy sy beloftes aan ons op 'n aanskoulike wyse deur die Nagmaal.
* Korrekte Nagmaalsviering streef na én bereik die volgende drie doelstellings:
    - Dit bevestig die evangelie en die beloftes van God aan ons.
    - Dit oefen ons om God Drieënig meer en meer te loof en te prys.
    - Dit spoor ons aan tot heiligmaking en leer die gelowiges om in ware eenheid saam te leef.

* Die vrugte van die Nagmaalsgebruik sien Calvyn soos volg:
    - Nagmaal openbaar Christus se plaasbekledende lyding aan ons soos in 'n spieël (dus: die wyse waarop ons sondes met sy heiligheid bedek word).
    - Terselfdertyd inspireer die Nagmaal die deelnemer om al meer uit die vrugte van die plaasbekledende lyding van Christus te lewe. Die gelowige het immers saam met Christus gesterf en opgestaan, ja, regeer saam met Hom.
    - Hoe meer ons deel kry aan Christus, hoe meer kry ons deel aan sy heil. Teken en waarheid (betekende saak) kan immers nie geskei word nie.
    - Die Nagmaal laat ons groei in die gawes van die Gees, veral in die liefde.

* Wat Christus se teenwoordigheid tydens Nagmaal betref, stel Calvyn dat Christus

self reëel (werklik) teenwoordig is. Christus is werklik teenwoordig wanneer die gelowige Hom eet en drink met die mond van die geloof (De Groot, 1956:408). Die tekens van brood en wyn is uitwendige simbole wat die Nagmaalsgebruiker se geloof rig op die reële persoon en verdienste van Christus. (In hierdie opsig hoort Calvyn se Nagmaalsbeskouing ook ook tot die simboliese tradisie.)

- Wat die wyse van gebruik betref, het Calvyn die Nagmaal aan die gelowiges bedien terwyl hulle by die tafel verbygaan (teenoor die knielhouding by die Roomse Kerk). Aan die een sy van die tafel is brood ontvang, terwyl die wyn aan die teenoorgestelde kant bedien is. Of die brood gesuurd of ongesuurd en of die wyn rooi of wit was, het nie enige saak gemaak nie. Dit is beskou as middelmatige sake (Brienen,1987:217-218).

Calvyn het die sakramente gesien as behorende tot die ekklesiologie. In sy Institusie 1559, (boek IV, XIV:1) gee hy die volgende definisie van die sakramente: "(H)et (is) een uitwendig teken, waardoor de Here de beloften zijner goedgunstigheid jegens ons aan onze consciëntiën verzegelt om de zwakheid van ons geloof te versterken, en wij wederkerig onze vroomheid jegens Hem zowel voor Hem en de engelen als bij de mensen betuigen" (Sizoo, 1956:314).

Beoordeling van Calvyn se Nagmaalsleer en -praktyk

Calvyn kan beskou word as die persoon wat die standpunte van die simboliese tradisie tot sy uiterste konsekwensie op 'n Skrifgetroue wyse uitgebou en geformuleer het. As gevolg van sy weldeurdagte perspektiewe en bewoordinge het daar tot op hede grootliks rus gekom binne die reformatories-gereformeerde kringe ten opsigte van die Nagmaalsleer. (Daar is later wel in bepaalde opsigte van sy Nagmaalsgebruike, byvoorbeeld van die gebruikmaking van die Nagmaalstafel en -beker, afgewyk.)

## 4. SLOTSOM

As oorsig van die geheel dien die volgende stellings as slotsom:

- Deur die eeue was Nagmaal in die middelpunt van kerklike denke en praktyk. Waar Nagmaal teenswoordig deur sommige gelowiges en kerke as betekenisloos beskou word, is dit onder andere te begryp as die konsekwente deurvoering van die standpunt van Zwingli wat daarvan 'n blote genade-afbeelding en getuienisgeleentheid gemaak het.
- In die vroeë Christelike kerk (tot ongeveer 250 n.C.) is nagedink en geskryf oor die pastorale funksionaliteit van die Nagmaal as bediening van Goddelike genade aan en in die kerk. Belangstelling in die leerstellige en praktiese grondslae

van die Nagmaal het eers hierna ontstaan.

- Vanaf die einde van die tweede eeu na Christus tot vandag toe is hoofsaaklik twee hoofstrome in Nagmaalsbeskouinge en -gebruike aanwysbaar, naamlik die realistiese en simboliese tradisies.
- Die realistiese tradisie huisves talle foutiewe interpretasies van die Skrif, en die vroeë dogmageskiedenis gaan inderdaad teen beide in, en verdien om as sodanig in sy geheel verwerp te word.
- Die simboliese tradisie het hoofsaaklik vier geestelike vaders, te wete: Augustinus, Luther, Zwingli en Calvyn. Op bepaalde onderdele bestaan sodanige ooreenstemming dat hul saamgegroepeer kan word, terwyl ander onderdele ernstige verskille openbaar. Beoordeel in die lig van die Skrifuitsprake en die simboliese tradisie in sy geheel, blyk die standpunte van Augustinus en Calvyn die mees verteenwoordigende en navolgingswaardige te wees.

## 5. BIBLIOGRAFIE


BALKE, W. 1980. De avondmaalsleer van Zwingli. (*In* By brood en beker: Leer en gebruik van het heilige avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de westerse kerk. Goudriaan : De Groot. p. 149-177)

BARCLAY, A. 1927. The Protestant doctrine of The Lord's Supper: A study in the Eucharistic teaching of Luther, Zwingli and Calvin. Glasgow : Jackson Co.

BERKHOF, L. 1975. The history of Christian doctrines. London : Billing.

BERKOUWER, G.C. 1954. De sacramenten. (*In* Dogmatiese Studiën. Kampen : Kok.)

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht: Het recht der kerken in de praktijk. Deel II. Kampen : Kok.

BRIENEN, T. 1980. Petrus Immens over het avondmaal. (*In* By brood en beker: Leer en gebruik van het heilige avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de westerse kerk. Goudriaan : De Groot. p. 301-322.)

BRIENEN, T. 1987. De liturgie bij Johannes Calvijn. Goudriaan : De Groot.

BURGER, A.P. 1982. Kerkregtelike eise rondom die Nagmaalsakrament. Pretoria : Teologiese Afdeling B. U.P.

CALVYN, J. 1956. Institutie: Onderwijzing in de Christelijke Godsdienst. Uit Latyn vertaal deur A. Sizoo. Boek IV. Delft : Meinema.

DE GROOT, D.J. 1956. Avondmaal (*In* Christelijke Encyclopedie. Deel 1:404-414. Kampen : Kok.)

DEVAN, W.F. 1966. Eucharist. (*In* New Catholic Encyclopedia. Deel 5:599-609. New York : McGraw-Hill.)

LIETZMANN, H. 1979. Mass and Lord's supper: A study in the history of the Liturgy. Leiden : Brill.

LOHSE, B. 1974. Epochen der Dogmengeschichte. 3 Aufl. Stuttgart : Kreuz-Verl.

MUNTER, C.J. 1954. Het avondmaal by Luther. Proefskrif Universiteit Amsterdam. Groningen : Oppenheim.

SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NGK-Boekhandel.

TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie: Een leesboek voor kerkgangers. Kampen : Van den Berg.

VAILLANCOURT, R. 1797. Toward a renewal of sacramental Theology. Translated by O'Connell, M.J. Minnesota : Liturgital Press.

VAJTA, von Vilmos. 1963. Kirche und Abendmahl: Studien und Dokumente zur Frage der

Abendmahlsgemeinschaft im Luthertum. Herausgegeben. Hamburg : Lutherisches Verlagshaus.

VRIJLANDT, M.A. 1987. Liturgiek. Delft : Meinema.

VAN GENDEREN, J. 1980. Het avondmaal in de oude kerk en in de kerk van het oosten. (*In* By brood en beker: Leer en gebruik van het heilige avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de westerse kerk. Goudriaan : De Groot p. 67-105.)

VAN ITTERZON, G.P. 1957. Calvijn (*In* Christelijke Encyclopedie, deel II:76-82. Goudriaan : De Groot.)

VAN 'T SPIJKER, W. 1980. Het klassieke avondmaalsformulier. (*In* By brood en beker: Leer en gebruik van het heilige avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de westerse kerk. Goudriaan : De Groot p. 363-422.)